

9 Mei

Skrifgedeelte: Psalm 27
Fokusgedeelte: Psalm 27:4

Net een ding ...

Wat is die een ding wat jy nastreef van dag tot dag? Jy kan die getroue antwoord gee dat jy Christus nastreef, maar ons besef dat op 'n praktiese vlak die antwoord anders sal lyk. Dit sal eerder wees dat jy jou gesondheid of jou kinders se aktiwiteite of jou huweliksmaat se belange of dalk werk vir die kerk nastreef.

Dit is gewoonlik druk in ons lewe wat ons aandag vanaf ons getroue antwoord aftrek na die praktiese antwoord. Vir die psalmsdigter kon dit sy teëstanders wees. Dit was nie net een spesifieke groep nie, maar soos die Psalm dit aandui, was dit algemene misdadigers, teëstanders teen sy ryk wat stelling inneem en aanval en ook nog persoonlike vyande. Dit was die probleme wat die digter se aandag genoodsaak het.

Tog, ten spyte van alles wat onmiddellik hier rondom hom gebeur, is daar net een ding wat hy najaag: dat Hy vir altyd die teenwoordigheid van die Here mag wees. Jesus verwys ook vir Marta daarna, wat die heeltyd besig was om ander dinge te doen. Dan sê Jesus vir haar dat net een ding nodig is. Die deel wat Maria gekies het om in die teenwoordigheid van die Here te wees (Luk 10:42).

Die Psalmdigter bely dat deur die een ding, om by die Here te wees, beleef hy sy goedheid, beskerm die Here hom en verheerlik hy die Here terwyl hy neerkyk op sy probleme. Hy bid tot die Here dat Hy hom nooit moet verlaat nie, maar dat Hy hom eerder sy wil sal leer. Hy pleit by die Here oor sy probleme en plaas dan sy volle vertroue op Hom.

Doen moeite om elke dag die een ding na te streef, om die teenwoordigheid van die Here in jou besige lewe te soek. Bly getrou. Vertrou op die Here.

Teologiese student CB Robinson